▲ VERDIENSTE PER AANDEEL STYG 114%

▲ BEDRYFSINKOMSTE STYG 102%

▲ INKOMSTE STYG 46%

Invicta HOLDINGS LIMITED

(Registrasienommer 1966/002182/06)
(Aandeelkode: IVT)
(ISIN: ZAE000029773)

TUSSENTYDSE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2002

GROEP-INKOMSTESTAAT

	Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sept 2002 R'000	Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sept 2001 R'000	% Verandering	Geouditeerde jaar geëindig 31 Maart 2002 R'000
Inkomste	**906 703**	621 144	46	1 352 311
Bedryfsinkomste	**88 159**	43 686	102	115 667
Rente ontvang	**3 238**	3 188		6 184
Finansieringskoste	**(15 855)**	(8 580)		(22 878)
Wins voor belasting	**75 542**	38 294	97	98 973
Belasting	**(25 605)**	(13 983)		(27 949)
Verdienste toedeelbaar aan aandeelhouers	**49 937**	24 311	105	71 024
Verdienste toedeelbaar aan buite-aandeelhouers	**(16 173)**	(7 456)		(25 033)
Verdienste toedeelbaar aan gewone aandeelhouers	**33 764**	16 855	100	45 991
Bepaling van wesensverdienste				
Verdienste	**33 764**	16 855		45 991
Amortisasie van klandisiewaarde en handelsmerke	**1 006**	930		1 819
Wins met verkoop van eiendomme, masjinerie en toerusting	**(71)**	–		(162)
Wesensverdienste	**34 699**	17 785		47 648

AANDELE-INLIGTING

Wesensverdienste per aandeel (sent)	**48**	23	109	62
Verdienste per aandeel (sent)	**47**	22	114	60
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**45**	22	105	58
Dividende per aandeel voorgestel/verklaar				
Tussentydse dividend (sent)	**15**	8	88	8
Finale dividend (sent)	**–**	–		16
Totale dividend vir die tydperk (sent)	**15**	8		24
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000)	**72 393**	77 240		76 772

GROEP-BALANSSTAAT

	Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sept 2002 R'000	Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sept 2001 R'000	Ge-ouditeerde jaar geëindig 31 Maart 2002 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendomme, masjinerie en toerusting	**83 732**	71 152	74 098
Ontasbare bates	**13 898**	16 465	15 586
Uitgestelde belasting	**16 869**	7 362	13 543
Langtermyn-ontvangbares	**10 812**	8 888	8 408
	125 311	103 867	111 635
Bedryfsbates			
Voorrade	**442 419**	351 123	426 408
Rekeninge ontvangbaar	**233 862**	195 946	209 795
Bank- en kontantsaldo's	**83 404**	45 491	67 643
	759 685	592 560	703 846
Totale bates	**884 996**	696 427	815 481
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes			
Gewone aandeelhouersfondse	**290 220**	256 446	268 783
Buite-aandeelhouersbelang	**119 861**	92 275	108 402
	410 081	348 721	377 185
Nie-bedryfslaste			
Langtermynlenings	**11 386**	11 212	11 661
Bedryfslaste			
Banklenings	**62 475**	80 969	78 534
Korttermynlenings	**1 695**	–	1 805
Handels- en ander betaalbares	**399 359**	255 525	346 296
	463 529	336 494	426 635
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**884 996**	696 427	815 481
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**400,9**	333,9	371,2
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**381,7**	312,5	349,7
Uitgereikte aandele	**72 393**	76 794	72 393

GROEP-KONTANTVLOEISTAAT

Kontant deur bedrywighede gegenereer	**85 721**	55 209	133 380
Netto finansieringskoste	**(12 617)**	(5 392)	(16 694)
Dividende betaal	**(18 088)**	(14 177)	(22 800)
Belasting betaal	**(4 055)**	(22 083)	(37 652)
Netto kontantinvloei van bedryfsaktiwiteite	**50 961**	13 557	56 234
Netto kontantvloei van beleggingsaktiwiteite	**(18 389)**	(27 208)	(35 525)
Netto kontantinvloei van finansieringsaktiwiteite	**(752)**	(15 528)	(25 301)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**31 820**	(29 179)	(4 592)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk	**(10 891)**	(6 299)	(6 299)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk	**20 929**	(35 478)	(10 891)

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Onge-ouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2002 R'000	Onge-ouditeerde 6 maande geëindig 30 Sept 2001 R'000	Ge-ouditeerde jaar geëindig 31 Maart 2002 R'000
Aandelekapitaal			
Saldo aan begin van tydperk	**3 619**	4 007	4 007
Aandele ingevolge aandeleterugkoopskema bekom	**–**	(213)	(388)
Saldo aan einde van tydperk	**3 619**	3 794	3 619
Aandelepremie			
Saldo aan begin van tydperk	**124 211**	147 504	147 504
Aandele ingevolge aandeleterugkoopskema bekom	**(489)**	(12 813)	(23 293)
Saldo aan einde van tydperk	**123 722**	134 691	124 211
Opgehoopte winste			
Saldo aan begin van tydperk	**140 953**	112 367	112 367
Verdienste toedeelbaar aan gewone aandeelhouers	**33 764**	16 855	45 991
Dividende betaal	**(11 838)**	(11 261)	(17 405)
Saldo aan einde van tydperk	**162 879**	117 961	140 953
Gewone aandeelhouersfondse	**290 220**	256 446	268 783

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE INLIGTING

Rekeningkundige beleid

Die finansiële inligting is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk opgestel. Die hoof rekeningkundige beleid soos in die Groep se 2002 Jaarverslag toegelig, is konsekwent deur die sesmaande-tydperk onder oorsig toegepas.

KOMMENTAAR

OORSIG

Die Invicta Groep is een van Suider-Afrika se voorste invoerders en verspreiders van:

- Laers, gordels, seëls, kragtransmissieprodukte en ratmotors (Bearing Man)
- Landboumasjinerie en toerusting (Northmec)
- Konstruksie en grondverskuiwingsmasjinerie en toerusting, grondsuiwerings-toerusting en gholf-nutsmotors (CSE)
- Outomotiewe engin-onderdele (Engineparts Turborchargers en Autobax).

RESULTATE

Dit is vir ons aangenaam om uitmuntende resultate vir die ses maande onder oorsig te kan rapporteer. Behalwe vir die CSE-sektor, synde ons konstruksie- en grondverskuiwingsmasjineriebedryf, wat trae toestande ondervind het, het alle afdelings in die Groep verbeterde handelstoestande geniet.

Inkomste het met 46% van R621 miljoen tot R907 miljoen gestyg, grotendeels te danke aan: 'n lewendige landbou-masjineriebedryf, 'n 41%-styging in inkomste deur Bearing Man en prysstygings wat deur die wesenlik swakker Rand gedurende die tydperk onder oorsig genoodsaak is.

Bedryfsinkomste het met 102% tot R88 miljoen gestyg. Finansieringskoste, insluitende buitelandse valutakoste, het R9 miljoen tot R16 miljoen gestyg, hoofsaaklik weens die hoër kostes verbonde aan termyndekkings.

Wesensverdienste per aandeel het met 109% van 23 sent tot 48 sent per aandeel gegroei en gevolglik is die dividend verklaar, met 88% van 8 sent tot 15 sent per aandeel verhoog.

Kontantskepping gedurende die tydperk onder oorsig was weereens sterk, deurdat bank- en kontantsaldo's van R45 miljoen tot R83 miljoen gestyg het.

VOORUITSIGTE

Die uitstekende resultate gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar stel 'n bestendige basis vir die Groep vir die volle finansiële jaar. Indien die heersende gunstige handelstoestande stand hou, behoort die Groep sy prestasie oor die eerste helfte van die finansiële jaar te verbeter.

M Rose-Innes
Voorsitter

A Goldstone
Besturende Direkteur

DIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend van 15 sent per aandeel aan aandeelhouers verklaar is. Die laaste dag om ("CUM" die dividend) te verhandel ten einde in die dividend te kan deelneem, is Vrydag, 15 November 2002. Die aandeel in Invicta Beherend Beperk sal vanaf sake-aanvang op Maandag, 18 November 2002 "EX" dividend begin verhandel. Die rekorddatum is Vrydag, 22 November 2002 en die dividende sal op Woensdag, 27 November 2002 aan lede betaal word.

Aandelesertifikate mag nie gedurende die tydperk Maandag, 11 November 2002 tot en met Vrydag, 15 November 2002 gedematerialiseer, òf gerematerialiseer word nie.

Ooreenkomstig RE107, is die tussentydse dividend van 15 sent per aandeel, soos deur die direkteure in die aandele-inligtingsdokumente bekendgemaak, nie in die finansiële state weerspieël nie.

Op las van die direksie

C Barnard
Sekretaris

Johannesburg
28 Oktober 2002

GEREGISTREERDE KANTOOR
Invicta Holdings Limited
Die plaas Constantia Uitsig
Spaanschemat Rivier-weg
Constantia 7806
Posbus 89
Constantia 7848

OORDRAGSEKRETARISSE
Computershare Investor Services Bpk
Marshallstraat 70
Johannesburg 2001
Posbus 7184
Johannesburg 2000

DIREKTEURE
M Rose-Innes, A Goldstone
DL McCay*, DI Samuels*
Adv CH Wiese*
** Nie-uitvoerend*

T17257 b